

# Woensdag 15 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14	Fokusgedeelte: Openbaring 14:9-11
------------------------------	--------------------------------------

## **Wat kom die slegte mense alles oor?**

Die engel se woorde bou 'n klimaks wat aantoon hoe verskriklik die oordeel vir sulke mense gaan wees: ... *en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het geen dag rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.*

Wyn sonder water. Die oordeel is gewis! Hier is tog iets baie belangriks in hierdie aankondiging! Die antichristelike magte gaan gepynig word *voor die heilige engele en voor die Lam.*

Waarom? Die antwoord is redelik voor die handliggend! Die begin en die einde se dinge kom bymekaar! Die herskepping is ook die herstel van die gevalle skepping! Daarom kan dit nie anders nie: die dinge wat die skepping van die hemel en die aarde geskend het, moet gestraf word! Dit beteken dat die duiwel se opstokery onder die engele nou op die tapyt kom. Wie weet hoeveel die engele wat heilig gebly het, gely het en hoeveel hulle moes verduur om nie agter die duiwel aan te gaan nie?! Daarom word die duiwel en sy magte voor hulle gestraf! Daar word aan hulle reg voldoen. Terselfdertyd kry hulle die geleentheid om te kan sien waarop die duiwel se opstand uitloop!

*Sing: Psalm 146-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*